# Skilpad soek sy huis



*Maya Fowler* *Katrin Coetzer* *Damian Gibbs*

# Skilpad soek sy huis

*Hierdie boek behoort aan*



Stuur asb. ’n foto van die kind waar hy of sy die boek sÓ op hierdie blad oophou na pic@bookdash.org of deel dit op sosiale media met #bookdash



*Skilpad soek sy huis*
Geïllustreer deur Katrien Coetzer
Geskryf deur Maya Fowler
Ontwerp deur Damian Gibbs
met die hulp van die bogenoemde Book Dash-deelnemers in Kaapstad: bookdash.org/20140628-cape-town

ISBN: 978-0-9922358-0-2

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.
Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.
No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

# Skilpad soek sy huis



Skilpad loop een dag deur die veld.
Hy soek en soek.

Ná ’n ruk loop hy verby Slak.

“Jy lyk of jy iets soek,” sê Slak vir Skilpad.

“Ja Slak, ek soek my huis. Weet jy dalk waar ek hom kan kry?”



Slak sê: “Nee, ek weet nie, maar ek sal help soek!”

Sy klim bo-op Skilpad se dop. Skilpad loop verder met Slak wat bo-op ry. Hulle kyk en hulle soek, maar hulle sien niks wat huis is nie. Die son is hoog in die lug.







“Jy lyk of jy iets soek,” sê Mossie vir Skilpad.

“Ja Mossie, ek soek my huis. Weet jy dalk waar ek hom kan kry?”

Mossie sê: “Nee, ek weet nie, maar ek sal help soek!”

Hy klap sy vlerkies. Woerts is hy weg.

“Maar jy beweeg te vinnig vir my,” roep Skilpad.

Mossie kom terug. “Nou goed, dan klim ek op.”

Skilpad loop verder, met Slak en Mossie wat bo-op ry. Hulle kyk en hulle soek, maar hulle sien niks wat huis is nie. Die son sak ’n bietjie.







Ná 'n ruk loop hulle verby Liewenheersbesie.

"Jy lyk of jy iets soek," sê Liewenheersbesie vir Skilpad.

"Ja Liewenheersbesie, ek soek my huis. Weet jy dalk waar ek hom kan kry?"



Liewenheersbesie sê: “Nee, ek weet nie, maar ek sal help soek!”

Sy klim bo-op Skilpad se dop, en Skilpad loop verder, met Slak en Mossie en Liewenheersbesie wat bo-op ry. Hulle kyk en hulle soek, maar hulle sien niks wat huis is nie.  ’n Briesie steek op.

Ná 'n ruk loop hulle verby Streepmuis. Hy is besig om 'n blommekransie te vleg.

"Jy lyk of jy iets soek," sê Streepmuis vir Skilpad.

"Ja Streepmuis, ek soek my huis. Weet jy dalk waar ek hom kan kry?"



Streepmuis sê: “Nee, ek weet nie, maar ek sal help soek!”

Hy klim bo-op Skilpad se dop. “Wag, ek kan nie my madeliefies los nie.” Skilpad wag. Streepmuis rek en strek en skep sy kransie op.



Skilpad loop verder, met Slak en Mossie en Liewenheersbesie en Streepmuis wat bo-op ry. Hulle kyk en hulle soek, maar hulle sien niks wat huis is nie. Die wind raak ’n bietjie sterker.

Later is Skilpad moeg. “Julle ouens is swaar,” kla hy.



Die wind waai sterker. Die lug word donker.

“Ag, waar is my huis?” vra Skilpad hartseer.

In die berge rammel donderweer. In die verte klap die blits. Drup-drup kom die reën.

“Ag, waar is Skilpad se huis?” vra Slak en Mossie en Liewenheersbesie en Streepmuis.

Die wind waai sterk en die wind waai sterker. Die wind blaas Slak en Mossie en Liewenheersbesie en Streepmuis van Skilpad se rug af.





En daar kom die hael, tip-tip-tip. Skilpad skrik so groot, hy kruip in sy dop. Dis warm en veilig daar.

"O, hier is my huis!"



“O, hier is Skilpad se huis!”





Skilpad soek sy huis.
Weet jy dalk waar hy hom kan kry?



ISBN 9780992235802